



SR-verkiesing 2013 | SRc election 2013

Nominasievorm & inligtingspakket

Nomination form & information packet

INHOUD | CONTENT

1. Nominasievorm / Nomination form
2. Vereiste dokumente / *Required documents*
3. Belangrike inligting vir kandidate / *Important information for candidates*
4. Belangrike datums / *Important dates*
5. Koukusprogram / *Caucus schedule*
6. Akademiese vereistes en gronde vir uitsluiting / *Academic requirements and grounds for disqualification*
7. Verkiesingsgedragskode 2013 / *Electoral code of conduct 2013*
8. Reëls vir veldtogte / *Rules for campaigns*
9. Kontakbesonderhede van SR-verkiesingskonvenors / *Contact details of SRc election convenors*

Nominasievorm | Nomination form

SR-verkiesing 2013 | SRC election 2013

Kandidaat se van /
Candidate's surname

Volle name /
Full names

Noemnaam /
Nickname

Studentenommer /
Student number

Selfoonnommer /
Cell phone number

E-pos /
Email

Ek bevestig hiermee dat ek onderneem om aan die Verkiesingsgedragkode te voldoen en kennis neem van al die aangehegte dokumente en hul inhoud. /

I hereby confirm that I undertake to adhere to the Election Code of Conduct and that I am familiar with the attached documents and the content thereof.

Handtekening /
Signature

Nominasievorms en vereiste dokumente (sien bladsy 6) moet in beide hardekopie en elektroniese formaat (srcselection@sun.ac.za) teen Donderdag, 8 Augustus 2013, om 12:00 by die SR-kantoor ingehandig word. Geen laat nominasies sal aanvaar word nie. /

Nomination forms and required documents (see page 6) must be handed in at the SRC Office in both hard copy and electronic format (srcselection@sun.ac.za) by Thursday, 8 August 2013, at 12:00. Late nominations will not be accepted.

Voorsteller | Nominator

Voorsteller se naam en van /
Nominator's name and surname

US-nommer /
US number

Handtekening /
Signature

Sekondante | Seconders

Slegs US-studente word as sekondante toegelaat. /
Only US students are allowed to be seconders.

	Naam en van Name and surname	US-nommer US number	Handtekening Signature
1.			
2.			
3.			
4.			
5.			
6.			
7.			
8.			
9.			
10.			

Akademiese mentor | Academic mentor

Watter dosent/ personeellid sal jy graag as akademiese mentor wil gebruik indien jy tot die SR verkies word? Meld slegs die persoon se naam en van. Toestemming van die gekose persoon is nie tans 'n vereiste nie. /

Which lecturer/ staff member would you like to use as your academic mentor if you are elected to the SRc? Write only the person's name and surname, Permission from the person is not a requirement at this stage.

Vereiste dokumente | Required documents

Wat moet alles deur kandidate voor die sperdatum ingehandig word? /
What must be handed in by candidates before the deadline?

1. Behoorlik voltooide **nominasievorm** (bladsye 2-4). /
*Properly completed **nomination form** (pages 2-4).*
2. **KORT CV:** noem slegs 5 relevante aspekte van jou CV (vaardighede, leierskapsposisies, ervaring) wat jou 'n gepaste kandidaat vir die SR maak.
SHORT CV: name only 5 relevant aspects of your CV (skills, leadership positions, experience) that makes you a suitable candidate for SRC.
3. **STERK- EN SWAKPUNTE:** noem 5 sterkpunte en 5 swakpunte wat jy in jouself identifiseer. Beperk hierdie vbeskrywings tot enkel woorde of kort frases.
STRENGTHS AND WEAKNESSES: list 5 strengths and 5 weaknesses that you identify in yourself. Limit these descriptions to single words or short phrases.
4. **BELEIDSVERKLARING:** Stel 'n beleidsverklaring op van nie meer as 200 woorde nie. Enige teks langer as hierdie voorskrif sal nie oorweeg word nie. Die eerste paragraaf van die beleidsverklaring moet handel oor wat jy glo die SR as geheel moet doen om 'n beter studenteverteenwoordigende liggaam te wees. Die tweede paragraaf moet verwys na jou vaardighede en ondervinding wat jou 'n ideale SR-kandidaat maak. Beleidsverklarings mag in Afrikaans en/of Engels wees.
POLICY STATEMENT: Write a policy statement of no more than 200 words. Any words exceeding this number will be disregarded. The first paragraph of the policy statement should address how you believe the SRC as a whole could be a better student representative body. Dedicate the second paragraph to how your skills and experiences make you an ideal SRC candidate. Policy statements may be in English and/or Afrikaans.

5. **MISSIESTELLING:** Stel 'n missiestelling op van nie meer as 50 woorde (600 karakters – insluitende spasies en leestekens) nie. Enige teks langer as hierdie voorskrif sal nie oorweeg word nie. Dit is bloot 'n opsomming van die beleidsverklaring. /

MISSION STATEMENT: *Compile a mission statement of not more than 50 words (600 characters – including the spaces and punctuation). Any words past this number will be disregarded.*

Belangrike inligting vir kandidate | Important information for candidates

SPERDATUM | DEADLINE

Die sperdatum van Donderdag, 8 Augustus 2013, om 12:00 sal streng toegepas word. /

The deadline of Thursday, 8 August 2013, at 12:00 will be strictly enforced.

BELANGRIKE DATUMS | IMPORTANT DATES

Kandidate moet die aangehegte lys van belangrike datums goed bestudeer en hul beskikbaarheid vir daardie geleenthede verseker. Alle kandidate is verplig om die Oriëntasiedag op 9 Augustus 2013 en al die koususse by te woon. /

Candidates should study the attached list of important dates and ensure their availability for those events. The Orientation Day on 9 August 2013 and all the caucuses are compulsory.

AKADEMIESE KEURING | ACADEMIC SELECTION

Let asseblief daarop dat alle nominasies ingevolge die nuwe Studentegronswet aan akademiese keuring onderhewig is. /

Please note that all nominations are subject to academic selection as per the new Student Constitution.

STUDENTEKAARTFOTO | STUDENT CARD PHOTO

Die foto wat op die kandidaat se studentekaart is, word vir die elektroniese en papierstemprosesse gebruik. Indien kandidate nie met hulle studentekaartfoto's tevrede is nie, moet hulle 'n nuwe foto voor 8 Augustus 2013 om 12:00 by Admin A laat neem. /

The photo on the candidate's student card will be used on the electronic and ballot voting platforms. If candidates are unhappy with their student card photos, they should have another photo taken at Admin A before 8 August 2013 at 12:00.

FOTOGRAFIE VIR VERKIESINGSPLAKKATE | PHOTOGRAPHY FOR ELECTION POSTERS

'n Professionele fotograaf gaan op 9 Augustus 2013 die foto's neem wat vir die kandidate se individuele verkiesingsplakkate gebruik gaan word. Geen ander foto's mag gedurende die verkiesingstydperk gebruik word nie. Meer inligting hieroor verskyn in die verkiesingsreëls./

On 9 August 2013 a professional photographer will take the individual candidate photos for the election posters. No other photos may be used during the election period. Read the election rules for more details.

NAVRAE | ENQUIRES

Rig enige navrae aan Alma Diamond (071 929 7527) of Louis van der Riet (072 688 0448) of srcelection@sun.ac.za /

Direct any enquiries to Alma Diamond (071 929 7527) or Louis van der Riet (072 688 0448) or srcelection@sun.ac.za.

Belangrike datums | Important dates

Julie 2013

SUNDAY	MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY	FRIDAY	SATURDAY
	1 VAKANSIE	2 VAKANSIE	3 VAKANSIE	4 VAKANSIE	5 VAKANSIE	6 VAKANSIE
7 VAKANSIE	8 VAKANSIE	9 VAKANSIE	10 VAKANSIE	11 VAKANSIE	12 VAKANSIE	13 VAKANSIE
14 VAKANSIE	15 VAKANSIE	16 VAKANSIE	17 VAKANSIE	18 VAKANSIE	19 VAKANSIE	20 VAKANSIE
21 VAKANSIE	22 KLASSE BEGIN	23 ABR VOORSITTERS VERKIESING	24	25 SR VERKIESING INFO SESSIE	26	27
28	29 SR NOMINASIES OOP	30 SR NOMINASIES OOP	31 SR NOMINASIES OOP			

Augustus 2013

SUNDAY	MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY	FRIDAY	SATURDAY
				1 SR NOMINASIES OOP	2 SR NOMINASIES OOP	3 SR NOMINASIES OOP
4 SR NOMINASIES OOP	5 SR NOMINASIES OOP	6 SR NOMINASIES OOP PK EN VR VOORSITTER VERKIESING	7 SR NOMINASIES OOP	8 SR NOMINASIES SLUIT ABR, PK, VR, Prims verkiegings afgehandel	9 VROUEDAG SR KANDIDATE ORIENTERINGS OGGEND (tentatief)	10
11	12 17:00 Kandidate Kokus Opleiding	13	14 13:00 Kokus	15 16:00 Kokus	16	17
18	19 19:00 Kokus	20	21 SR STEMPROSES BEGIN 19:00 Kokus	22 STEMMING TYGERBERG KOKUS	23 STEMMING MILAK KOKUS	24 STEMMING
25 STEMMING	26 STEMMING 13:00 Kokus	27 STEMMING 19:00 Kritiese Kokus	28 STEMMING SLUIT STEMME TEL 17:00	29 SR AANKONDIGING	30	31

September 2013

SUNDAY	MONDAY	TUESDAY	WEDNESDAY	THURSDAY	FRIDAY	SATURDAY
1	2	3	4 SR VOORSITTERS VERKIESING (TENTATIEF)	5	6 KWARTAAL EINDE	7 VAKANSIE
8 VAKANSIE	9 VAKANSIE	10 VAKANSIE	11 VAKANSIE	12 VAKANSIE	13 US leierskonferensie	14 US leierskonferensie
15 US leierskonferensie	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30					

Koukusprogram | Caucus schedule

Let asseblief daarop dat die bywoning van al die koukusse (behalwe Tygerberg & Milak) verpligtend is.¹ / Please note that all the caucuses (excluding Tygerberg & Milak) are compulsory to attend all caucuses.²

Datum Date	Tyd Time	Plek Venue	Beskrywing Description
12 Aug 2013	17:00	SR Raadsaal / SRC Boardroom	Koukursoriëntering vir kandidate / Caucus orientation for candidates
14 Aug 2013	13:00	Bib trappe / Bib stairs	Middagete-koukus / Lunchtime caucus
15 Aug 2013	18:00	tba	Huis-gefokusde koukus / House-focussed caucus
19 Aug 2013	18:00	tba	Society en fakulteit- gefokusde koukus / Societies and faculties focused caucus
21 Aug 2013	18:00	Lettere 230	Gefasiliteerde koukus / Facilitated caucus
22 Aug 2013		Tygerberg	Tygerberg-koukus/ Tygerberg caucus
23 Aug 2013		Milak	Milak-koukus/ Milak caucus
26 Aug 2013	13:00	Bib trappe/ Bib stairs	Middagete-koukus / Lunchtime caucus
27 Aug 2013	18:00	Neelsie Cinema	Kritiese koukus / Critical caucus

Kandidatuur: akademiese vereistes en gronde vir uitsluiting | Candidature: academic requirements and grounds for disqualification

Die Studentegrondwet stel in bylae 1, afdeling S2, artikel 13 – 15 die akademiese vereistes vir kandidatuur in die Studenteraadsverkiesing, uitsluiting op akademiese gronde en ander gronde vir uitsluiting. /

The Student Constitution states in schedule 1, part S2, article 13 – 15 the academic requirements for candidature in the Students' Representative Council election, academic disqualification and other grounds for disqualification of candidates.

13 Akademiese vereistes vir kandidatuur in die Studenteraadsverkiesing | Academic requirements for candidature in the Student Representative Council election

- (1) Die akademiese vereistes vir kandidatuur in die Studenteraadsverkiesing is in plek om gevalle te voorkom waar 'n lid van die Studenteraad om akademiese redes bedank gedurende sy of haar termyn. /
The academic requirements for candidature in the Student Representative Council election exist to prevent situations where a member of the Student Representative Council resigns during his or her term of office for academic reasons.
- (2) Om op akademiese gronde te kwalifiseer moet 'n kandidaat voldoen aan die minimum koshuis HEMIS-vereistes gebaseer op sy of haar akademiese rekord van vorige jare en sy of haar uitslae in die halfjaareksamens van die betrokke jaar. /
In order to qualify on academic grounds a candidate must comply with the minimum residence HEMIS requirements on the basis of his or her academic record of previous years and the June examination results of the year concerned.
- (3) As 'n kandidaat die risiko loop om nie te voldoen aan die hertoelatingsvereistes van die Universiteit nie, sal hy of sy nie kandidaatskap in die Studenteraadsverkiesing gegun word nie. /
If a candidate is at risk of non-compliance with the readmission requirements of the University, he or she will not be granted candidature in the Student Representative Council election.

- (4) 'n Kandidaat se amptelike akademiese rekord kan nagegaan word om te bepaal of daar aan die vereistes in subitem (2) en (3) voldoen word. /
A candidate's official academic record can be accessed in order to determine whether the requirements under subitem (2) and (3) have been met.

14 Uitsluiting op akademiese gronde | Academic disqualification

- (1) Kandidate wat nie aan die akademiese vereistes in item 13 voldoen nie, is nie tot die Studenteraad verkiesbaar nie. /
Candidates who do not comply with the academic requirements stipulated in item 13 may not be eligible for election to the Student Representative Council.
- (2) Die Stembuskonvenor(s) moet die akademiese rekord van die kandidate by die Registrateur se kantoor kry, en moet enige gevalle waar die kandidaat blyk om nie aan die vereistes in item 13 te voldoen nie, aan die komitee beoog in subitem (3) voorlê. /
The Election Convenor(s) must obtain the academic record of the candidates from the Registrar's office, and submit any cases where the candidate does not appear to comply with the provisions of item 13 to the committee contemplated in subitem (3).
- (3) Die besluit om 'n kandidaat uit te sluit op akademiese gronde moet geneem word deur 'n komitee wat bestaan uit: /
The decision to reject the candidature of a candidate on academic grounds must be taken by a committee consisting of:
- (a) die Studentedekaan; /
the Dean of Students;
 - (b) die Voorsitter van die Studenteraad; /
the Chair of the Students' Representative Council;
 - (c) (een [1] van) die Stembuskonvenor(s); /
(one [1] of) the Election Convenor(s);
 - (d) die Dekaan van die kandidaat se fakulteit; en /
the Dean of the candidate's faculty; and
 - (e) een (1) addisionele lid van die Stembuskomitee, soos aangewys deur die Stembuskomitee. /
one (1) additional member of the Election Committee, as delegated by the Election Committee.
- (4) Die komitee wat in subitem (3) beoog word moet hul besluit baseer op die vereistes in item 13, maar kan ook die volgende faktore in hul besluit in ag neem: /
The committee contemplated in subitem (3) must make its decision based on the criteria in item 13, but can also take the following factors into account in making its decision:
- (a) die bestaan van spesiale redes, soos siekte, beserings, gebreke, ensovoorts, waarom die kandidaat akademies swak gevaar het; /
the existence of special reasons, such as illness, injury, disability, et cetera, for the candidate's poor academic performance;
 - (b) of die kandidaat van program verander het en goed gevaar het in die nuwe program; /
whether the candidate changed to a different programme and performed well in the new programme;

- (c) of die kandidaat se uitslae oor die afgelope drie (3) jaar 'n stygende tendens toon. (Met ander woorde, het die kandidaat steeds beter gevaar en minder modules gesak, en byvoorbeeld geen module in die afgelope drie (3) semesters gesak nie?); en /
whether the candidate's results over the past three (3) years indicate a rising trend. (In other words, whether the candidate performed better and failed fewer modules, or did not fail any module in the past three (3) semesters.); and
- (d) of die kandidaat 'n program gevolg het (byvoorbeeld BIng) waar die sak van 'n module veroorsaak het dat verskeie ander modules nie gevolg kon word nie of waar die sak van die module die herhaling van die jaargang genoodsaak het (byvoorbeeld MB,ChB). /
whether the candidate followed a programme (for example BEng) in which failing a module meant that various other modules could not be followed or where failing a module necessitated that the year of study be repeated (for example MB,ChB).

15 Ander gronde vir uitsluiting | Other grounds for disqualification of candidates

Benewens wanneer 'n kandidaat nie aan items 12 en 13 voldoen nie, moet die Stembus-konvenor(s) ook die nominasie van 'n kandidaat verwerp indien die kandidaat – /

Apart from compliance with items 12 and 13, the Election Convenor(s) must also reject the nomination of a candidate if the candidate –

- (a) nog nie reeds vir ten minste een (1) semester 'n student was nie; /
has not been a student for at least one (1) semester;
- (b) in die Republiek van Suid-Afrika of elders vir enige misdryf tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is; of /
has been sentenced to imprisonment in the Republic of South Africa or elsewhere for any misdemeanour without the option of paying a fine; or
- (c) aan enige oortreding skuldig bevind is deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee of die Dissiplinêre Appèlkomitee van die Universiteit. /
has been found guilty of any offence by the Central Disciplinary Committee or the Disciplinary Appeal Committee of the University.

ELECTORAL CODE OF CONDUCT 2013

The SRC Election Convenors and all Stellenbosch University (SU) Students are bound by the Student Constitution (SC). In addition to the stipulations of the SC, the SRC Election Convenors have the responsibility to put rules or codes in place to ensure that the SRC is elected by a free and fair process. The contents of the rules are within the discretion of that election's SRC Election Convenors. The rules and regulations regarding previous SRC Elections do not apply in this election.

WAARDES EN STANDAARDE

VALUES AND STANDARDS:

Hierdie Gedragskode beoog om die volgende waardes en standaarde tydens die Studenteraadsverkieping te bevorder:

Die verkiesingsproses sal:

- Vry en regverdig geskied
- Maksimum toeganklikheid tot inligting rakende die kandidate en die verkiesingsproses verseker
- Op 'n relevante en deursigtige wyse geskied
- Maksimum deelname en interaksie van die US studenteliggaam verseker
- Hoë gehalte debat en dialoog met kandidate verseker
- Die belange van die studenteliggaam bevorder
- demokraties, nie-diskriminerend, en inklusief geskied

This Code of Conduct aims to promote the following values and standards for the Students' Representative Council (SRC) Election:

Ensuring an Election Process which:

- is free and fair
- allows maximum accessibility to information regarding candidates and the election process
- is relevant and transparent
- allows maximum participation and engagement from the SU student body
- stimulates quality debate and dialogue with candidates
- promotes the interests of the Student body
- is democratic, non-discriminatory, and inclusive

REGTE

RIGHTS

Die volgende regte geld vir die hele studenteliggaam van US, insluitend die kandidate van die SR verkiesing. Alle studente het 'n reg tot:

- vryheid van spraak
- Vryheid om in die taal van hul keuse te kommunikeer
- politieke oortuiging en assosiasie
- vrylik steun van kiesers te werf;
- organiserings van openbare vergaderings
- bywoning en deelname aan openbare vergaderings deur ander byeengeroep
- verspreiding van verkiesingsleesstof en veldtogmateriaal, wat deur die konvenors ontwerp en beskikbaar gestel word
- die gebruik van sosiale media platforms
- die opplak van plakkate, soos ontwerp en beskikbaar gestel deur die konvenors
- die onderneming van verkiesingsveldtogte op alle wettige wyses
- stemming vir 'n maksimum van nege (9) kandidate van hul keuse wat vrylik en in die geheim uitgeoefen word

The following rights apply to the entire Student Body, including all candidates of the SRC Election. All students have a right to:

- freedom of speech
- freedom of language
- freedom of political opinion and association
- recruit support from voters
- hold public meetings
- attend and participate in all public meetings
- distribute the election and campaign materials designed and provided by the convenors
- use social media platforms to advertise their campaign
- put up the posters designed and provided by the convenors
- conduct election campaigns in all legal ways.
- Cast their vote independently and in secret for a total of nine (9) candidates

OORTREDINGS

INFRINGEMENTS

<p>Almal wat deur hierdie Kode gebind word, moet tydens die verkiesingstydperk:</p> <p>a) die gebruik van taal of enige soort optrede wat kan aanleiding gee tot geweld of intimidasie, vermy;</p> <p>b) hulle daarvan weerhou om enige rassistiese, seksistiese, homofobiese, vals, lasterlike of enige ander bewerings wat op soortgelyke wyse inbraak maak op die menswaardigheid van enige persoon in verband met die verkiesing te maak, te publiseer of te herhaal;</p> <p>c) hulle weerhou van optrede of praktyke wat onbillik diskrimineer of daarop gemik is om te verneder op grond van ras, geslag, seksuele oriëntasie, etnisiteit, klas of godsdiens, in verband met die verkiesing;</p> <p>d) hulle daarvan weerhou om 'n wanvoorstelling van hulself in enige verkiesingsmateriaal weer te gee;</p> <p>e) niks doen wat die demokratiese reg van enige persoon om redelike toegang te hê tot kiesers te belemmer vir die doeleinde van die werwing van steun nie;</p> <p>f) hulle daarvan weerhou om die saamroep van 'n politieke vergadering of deelname aan so 'n vergadering te verhinder of om 'n politieke vergadering wesenlik te ontwig;</p> <p>g) hulle daarvan weerhou om politieke veldtogmateriaal van enige kandidaat te verwyder, te skend of te vernietig;</p> <p>h) hulle weerhou van enige poging tot misbruik van mag, voorreg of invloed of enige vorm van dwang met die opset om enige persoon te oorreed om te stem of om vir enige bepaalde kandidaat te stem;</p> <p>i) hulle te weerhou van die aanbidding</p>	<p>All persons bound by this Code must, during the election period:</p> <p>a) avoid language or any kind of action that could lead to violence or intimidation;</p> <p>b) refrain from making, publishing or repeating any racist, sexist, homophobic, false, libelous or any other allegations of this sort that would infringe on a person's human dignity with respect to the election;</p> <p>c) refrain from actions or practices that discriminate unfairly or are aimed at humiliating someone on the grounds of race, gender, sexual orientation, ethnicity, class or religion with respect to the election;</p> <p>d) refrain from making misrepresentations about themselves in any election material;</p> <p>e) do nothing that would impede the right of anyone to gain reasonable access to voters for the sake of recruiting support;</p> <p>f) refrain from doing anything to prevent the holding of a political meeting or participation in a political meeting and refrain from seriously disrupting a political meeting;</p> <p>g) refrain from removing, damaging or destroying any candidate's political campaign material;</p> <p>h) refrain from any attempt at misusing power or resorting to privileges or influence or using any form of coercion intended to persuade someone to vote for any particular candidate;</p> <p>i) refrain from offering any form of enticement or remuneration to any person for the purpose of such person's vote or non-vote in the election;</p>
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

<p>van enige lokmiddel of vergoeding aan enige persoon ter wille van sodanige persoon se stemming of nie-stemming in die verkiesing;</p> <p>j) hulle weerhou om op 'n wyse te stem wat hulle weet hulle nie op geregtig is nie;</p> <p>k) hulle daarvan weerhou om op onregmatige wyse enige stemmateriaal of verkiesingsmateriaal te verwyder of te skend of te vernietig;</p> <p>l) regmatige bevel van die stembuskonvenor(s) gehoorsaam en regmatige besluite van die stembuskonvenor(s) implementeer</p> <p>m) Geen geld spandeer op enige bemerking nie.</p>	<p>j) refrain from voting in a way in which they know they are not entitled to vote;</p> <p>k) refrain from unlawfully removing or damaging or destroying any voting material or electoral material in any way; and</p> <p>l) comply with any instructions from the election convenor(s) and implement any just decisions of the election convenor(s).</p> <p>m) Spend no money on any marketing.</p>
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

AFDWINGING	ENFORCEMENT:
-------------------	---------------------

<p>Enige oortreding van hierdie gedragskode sal die oortreder aanspreeklik maak vir disziplinêre optrede soos gestel in Skedule 1 van die Studentegronwet van Universiteit Stellenbosch.</p>	<p>Any infringement of this Code of Conduct will render the perpetrator liable to disciplinary action according to Schedule 1 of the Student Constitution of Stellenbosch University</p>
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

REÛLS VIR VELDTOGTE

RULES FOR CAMPAIGNS

PLAKKATE	POSTERS
----------	---------

<p>Die Stembuskomitee (insluitend die SR-stembuskonvenors) is verantwoordelik vir die fotografie, ontwerp en verspreiding van alle bemarkingsplakkate regoor kampus. Die kandidaat sal toegelaat word om self die foto wat deur die professionele fotograaf geneem sal word, te kies vir sy/haar verkiesingsplakkaat. Geen ander plakkate sal toegelaat word nie.</p>	<p>The Election Committee (including the SRC Election Convenors) are responsible for the photography, design and distribution of all marketing posters. The candidate will be allowed to choose one of the photos that will be taken by the professional photographer for his/her campaign posters. No other posters will be allowed.</p>
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

SOSIALE MEDIA	SOCIAL MEDIA
---------------	--------------

<p>Maksimale gebruik van sosiale media platforms soos Facebook en Twitter word aangemoedig. Let egter op dat daar steeds streng voldoening aan die Verkiesingsgedragskode moet wees en dat dit streng afdwing sal word</p>	<p>Maximum usage of social media platforms like Facebook and Twitter are encouraged. Please note that there still needs to be stringent adherence to the Electoral Code of Conduct and it will be strictly enforced.</p>
----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

ANDER	OTHER
-------	-------

<p>a) Kandidate sal verantwoordelik gehou word vir die optrede van hul onderskeie ondersteuningskomitees.</p> <p>b) Alle bemarking moet aan die Verkiesingsgedragskode voldoen.</p>	<p>a) Candidates will be held responsible for the conduct of their respective support committees.</p> <p>b) Marketing must conform to the Electoral Code of Conduct.</p>
-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

ADDITIONAL MARKETING RULES AND

GUIDELINES FOR THE SRC ELECTION

- a) Slegs sosiale media platforms mag gebruik word vir bykomende bemerking. Dit impliseer dat geen kandidaat toegelaat word om massa kommunikasie (in die vorm van sms'e, e-posse of enige soortgelyke medium) te gebruik vir bemerkingsdoeleindes nie. Hierdie metodes van bemerking is 'n oortreding van die Universiteit van Stellenbosch se Elektroniese Kommunikasie Beleid paragraaf 2.2.1. Die beleid kan afgelaai word by:

<http://www.sun.ac.za/university/policies/ecp/indeks>

'n Kandidaat mag elektronies of andersins kommunikeer met 'n geslote groep vriende, maar MOET in so 'n geval 'n verklaring aanheg wat uitdruklik die versending van die boodskap in massa kommunikasie verbied.

Only social media platforms may be used for additional marketing. This implies that no candidate is allowed to use mass communication (sms, e-mail or any similar media) for marketing purposes. Such methods are in contravention of the Stellenbosch University Electronic Communications Policy paragraph 2.2.1. The policy can be downloaded at:

<http://www.sun.ac.za/university/policies/ecp/indeks>

A candidate is allowed to electronically or otherwise communicate with a closed group of friends, but MUST then include a statement explicitly prohibiting the resending of that message as mass communication.

- b) Amptelike bemerking as SR-kandidaat op sosiale media platforms mag nie voor **14 Augustus om 13:00** begin nie. Voor hierdie tydstop mag 'n student aankondig dat hy of sy beplan om hom/haarself verkiesbaar te stel vir die SR, maar mag nie na hom/haarself verwys as 'n SR kandidaat nie. Finale toestemming tot kandidatuur sal eers 14 Augustus 13:00 gegee word.

*Official marketing as SRC candidate on social media platforms may only begin on the **14th of August at 13:00**. Prior to this time a student may announce that he or she plans to run for the SRC, but may not refer to him/herself as an SRC candidate because final approval of SRC candidature will only be given on the 14th of August at 13:00.*

Vir meer inligting | For more information

WEBTUISTE | WEBSITE

www.sun.ac.za/srcelection

FACEBOOK

www.facebook.com/matieselections

TWITTER

www.twitter.com/matieselections

E-POS | EMAIL

srcelection@sun.ac.za

SR-STEMBUSKONVENORS | SRC ELECTION CONVENORS

Alma Diamond

15640795@sun.ac.za

071 929 7527

Louis van der Riet

vdriet@sun.ac.za

072 688 0448